## RUSBREKENDE MIDDELS

Vir baie van die steenvrug variëteite wat ons verbou, het ons nie genoeg koue in die winter vir die bome om hulle rus natuurlik te breek nie. Om hierdie rede moet ons die bome help om hul rus te breek, en daarvoor het ons basies twee produkte wat ons kan gebruik om die bome te help, naamlik Waterstofsianamied (Dormex, Deurbraak of soortgelyke Generiese Middels) en Mineraalolie (Bud Break, Citroil, ens., of soortgelyke Generiese Middels).

Indien ons nie die rusbrekende middels sou toedien nie, sal die bome oor ’n lang tydperk blom, in die ergste gevalle tot 3–4 weke van blom, wat uitdunning en oes baie moeilik maak as gevolg van die groot verskeidenheid vruggroottes en gemengde rypheid. Ons verkry dan ook nie goeie vegetatiewe bot nie met ’n klomp vegetatiewe knoppe wat dormant bly. Die lote wat wel hulle rus breek groei dan baie sterk, veral aan die basis van die boom, aangesien al die energie in net ’n paar groeipunte ingestoot word.

Swak vegetatiewe bot verminder ook die aantal blomme en spore, veral in die geval van pruime, in die volgende jaar. Dit verminder ook die aantal eenjarige dra-eenhede van goeie gehalte vir perskes en nektariene in die volgende jaar.

Vertraagde bot ontwrig die algehele fisiologie van die boom en dit is feitlik onmoontlik om maksimum opbrengste van goeie gehalte vrugte te verkry as daar vertraagde bot was. In baie gevalle is die grootste effek van vertraagde bot op die oes in die volgende jaar as gevolg van die gebrekkige produksie van goeie gehalte spore of dra-eenhede vir die volgende jaar.

Die outeur gaan nie probeer om ’n resep vir rusbrekende spuite in hierdie Tydige Wenke te verskaf nie, aangesien elke vrugsoort, variëteit en boord sy eie resep sal hê. Produsente word sterk aangemoedig om die rusbreking vir elke boord met hul spuitverteenwoordiger te bespreek om die beste resep vir hul situasie te bepaal. Die produsent moet ook seker maak watter produkte vir die verskillende vrugtesoorte geregistreer is.

Hoewel etlike ander produkte vir rusbreek beskikbaar is, glo ek dat Mineraalolie en Waterstofsianamied die enigste twee produkte is wat voldoende getoets en bewese is in die Suid-Afrikaanse situasie. Produsente kan afhangend van hul situasie en van watter produkte geregistreer is suiwer Mineraalolie of suiwer Waterstofsianamied of ’n tenkmengsel van beide gebruik. In die geval van ’n mengsel word die hoeveelhede van Mineraalolie en

Waterstofsiaanamied wat gebruik word, aansienlik verminder, veral in die geval van Waterstofsianamied.

’n Ander groot pluspunt van goeie rusbreek is dat dit baie makliker is om die blom van die bestuiwers te sinkroniseer, veral vir pruime, waar dit moontlik is om die tydsberekening van blom met rusbrekende spuite te manipuleer. Hoe meer aggressief mens is met die resepte vir die rusbrekende spuite, hoe makliker word dit om die blom en die bestuiwers te sinkroniseer.

**Praktiese wenke aangaande rusbrekende middels:**

- Waak teen die aanwending van die rusbrekende spuite wanneer dit nog te vroeg is. Daar moet reeds tekens wees van knopswel voor die rusbrekende spuit aangewend word. My kollega, Frikkie van Schalkwyk, het ’n sêding wat so waar is, naamlik dat dit makliker is om ’n motor wat beweeg te jump start as een wat stilstaan. Dit is baie makliker om ’n steenvrug te jump start wat reeds sapbeweging en knopswel ondergaan, as om dit met ’n heeltemal dormante boom te doen.
- Rusbrekende spuite moet teen tussen 70-90% van boom-ry volume aangewend word. Dit is baie belangrik, veral met die winterolie, dat daar ’n film olie reg rondom die knop aangebring word.
- Olie-spuite moet nie met Albuz spuitkoppe aangewend word nie, maar met die ou Spraying Systems spuitkoppe. Groot druppeltjies is nodig om die vereiste oliefilm te skep.
- Die weer na afloop van die olie en/of Waterstofsianamied bespuiting is baie belangrik. Daar moet ideaal gesproke 3-4 dae van goeie, warm weer onmiddellik ná die bespuiting wees, veral vir die oliespuit. Hoe langer die knop onder die olie film kan sweet, hoe beter die rusbreking.
- Oliespuite moet nie aangewend word op bome wat onder versuiptoestande verkeer nie aangesien dit erge terugsterwing van lote sal veroorsaak. Die olie voorkom dat die bogrondse dele van die boom suurstof kan opneem terwyl versuipte wortels ook nie suurstof kan opneem nie. Die suurstofgebrek veroorsaak terugsterwing. Indien jy twyfel, gebruik eerder Waterstofsianamied as rusbrekende agent onder versuiptoestande.

# PLAAG- EN SIEKTEBEHEER

- ❖ **Bakteriese Siektes & Gomvlek—Alle Steenvrugte.** By die **eerste tekens van knopswel,** spuit met Koperoksichloried @ 350g/hl. Die laaste koperbespuiting van die seisoen terwyl daar vrugte op die bome is.
- ❖ **Dopluise en witluis—Alle Steenvrugte.** By die eerste tekens van knopswel, wend tweede en **finale** 100ml/hl Lirifos plus 500ml/hl mineraalolie vir dopluisbeheer aan. In

gevalle waar rusbrekende middels op appelkose en pruime aangewend word, moet hierdie behandeling eerder met die swaarder oliespuit aangewend word, wat doeltreffend die 500ml/hl vereiste mineraalolie tot niet maak. Indien geen rusbrekende middels aangewend word nie moet hierdie spuit by die koper gevoeg word. Die gewenste druppelgrootte moet in die orde van 250-300 mikron wees vir effektiewe benatting van die geteikende bome, spesifiek aan die bokante, om dopluis en witluis te beheer. Dit is belangrik dat die korrekte spuitpunte (moet nie Albuz spuitpunte of nie-aksiale waaierspuitmasjiene vir dormante winter spuite gebruik nie) en pompdruk geselekteer word om die regte druppelgrootte te lewer.

- **Hierdie winter is die laaste seisoen wat Chlorpyrifos amptelik gebruik mag word vir die beheer van dopluis en witluis. Die RSA registrasie van die produk sal gekanselleer word teen die einde van 2022.**
- **Plantluise—Perskes, Nektariens en Pruime.** Spuit Closer @ 5ml/hl by eerste tekens van infestasie en volg later op, indien nodig. Onthoudingsperiode is 14 dae.
- **Laat Dopluise - Alle Steenvrugte.** Spuit Movento @ 40ml/hl vanaf 100% blomblaarval en verder, by eerste kruiper beweging vir dopluis. Herhaal na 4 weke, indien nodig. Onthoudingsperiode = 14 dae.
- **Krulblaar—Perskes en Nektariens**. Spuit Thiram teen 150g/hl by vroeë knopswel **5 tot 7 dae ná die koper**, en **herhaal elke 4 tot 7 dae** (afhangend van hoe nat die bome is weens dou en reën) voor en ná reën. Die laaste bespuiting by Volblom.
- **Bloeiselversenging (*Monolinia laxa* bruinvrot)—Alle Steenvrugte.** Spuit met Chronos teen 27ml/hl **weekliks vanaf 1 week ná die koper tot volblom**. In die geval van perskes en nektariens moet die Chronos by die 30% bloeisel Thiram-spuit gevoeg word.
- **Witroes—Perskes en Nektariens**. Vanaf **10% ballon en verder**, wend 60ml/hl Nimrod by intervalle van 10 tot 14 dae, tot 90% blomblaarval aan. Indien nodig wend benatbare swael teen 300g/hl vanaf 90% blomblaarval aan; en voortaan by 10 tot 14 dae intervalle. Hou so voort to 35 dae voor-oes, indien nodig. Die benatbare swael sal ook bruinroes beheer.
- **Witroes—Appelkose**. Vanaf **10% ballon en verder**, wend 1L/Ha Ortiva **OF** 55ml/hl Obstructo teen intervalle van 10 tot 14 dae aan, maar sonder om meer as twee (2) agtereenvolgende bespuitings en drie (3) in totaal te gebruik, tot 90% blomblaarval. Met weerstand in gedagte, is dit wys om 300g/hl benatbare swael met dié Ortiva / Obstructo-spuite af te wissel. Benatbare swael is geregistreer vir bruinroes, maar sal ook help met die beheer van witroes. Bygevoeg tot dié spuite, wend benatbare swael teen 300g/hl vanaf 90% blomblaarval aan; hou so voort by intervalle 10 tot 14 dae. Onthoudingsperiode is 35 dae voor-oes.
- **Bolwurm, Antestia-besie en Vrugteknaagbesie—Appelkose.** Bespuit met Delegate teen 12g/hl. Hierdie dosis sal blaaspootjies beheer. ’n Dosis van 20g/hl is vir valskodlingmot (FCM) geregistreer. Onthoudingsperiode is sewe (7) dae voor-oes.

- **Groenperske-plantluis—Appelkose.** Spuit Aphox teen 50g/hl met eerste sig van die pes.
- **Bolwurm, Antestia-besie, Groenperske-plantluis en Vrugteknaagbesie—Pruime, Perskes en Nektariens.** Bespuit met Klartan teen 30ml/hl by 10–30% blom (voor bye in die boord gesit word), soos en wanneer vereis. **Moet nie ná** 90% blomblaarval bespuit nie. Onthoudingsperiode = 60 dae. Klartan is “veilig” vir bye.
- **Blaaspootjie—Nektariens en Pruime.** Wend 15ml/hl Tracer teen 10% ballon aan en herhaal 7 tot 10 dae later indien nodig. As bolwurm ’n probleem is, kan Tracer teen 20ml/hl bespuit word om dekking te verskaf teen beide blaaspootjie en bolwurm. Onthoudingsperiode is 21 dae op perskes en pruime, en sewe (7) dae op nektariens.
- **Oosterse Vrugtemot (OVM)—Perskes en Nektariens.** Waar nodig, hang lokvalle (een lokval per twee hektaar) laat Julie (vroeg Augustus op die laatste) op.
- **Vals Kodlingmot (VKM)—Alle Steenvrugte.** Waar nodig, hang lokvalle (een lokval per twee hektaar) teen vroeg Augustus op die laatste op.
- **Bruinroes, Sproete, Gomvlek—Alle Steenvrugte.** Spuit 200g/hl Captab by 75% blomblaarval en herhaal 14 daagliks vir 2 tot 3 spuite indien nodig (nat toestande). Onthoudingsperiode is 35 dae op alle steenvrugte.
  **OF**
- **Bruinroes, Sproete, Gomvlek—Alle Steenvrugte.** Bespuit met 150g/hl Dithane by 75% blomblaarval en herhaal elke 14 dae vir 2 tot 3 bespuitings, indien nodig (nat toestande). Onthoudingsperiode is 63 dae op perskes, 42 dae op appelkose en nektariens, en 35 dae op pruime. Teen die stadium is die toegelate toekomstige gebruik van Mancozeb op uitvoervrugte nog onduidelik. Sensitiewe markte (Duitse supermarkte) mag dalk nie produkte aanvaar met enige MRL oor die LoD (“Level of Detection”) nie. Voorlopig behoort Mancozeb behandeling “veilig” te wees op vroeg- tot midseisoen vrugte, maar moontlik problematies op latere rypwordende vrugte wat die mark binnekom teen die middel van 2023.
- **Vrugkalander (Snuitkewer)—Nektariens.** Stambande is die beste vorm van kewerbeheer; plaas die bande om die boomstamme voor die bome begin blom. Maak seker daar is geen “lere” van snoeisels of onkruid wat die kalanders toegang gee tot die boom bokant die stambande nie. Vir chemiese beheer, spuit 40ml/hl Steward sodra kalanders in die moniteringsbande gevang word of by 75% blomblaarval. Onthoudingsperiode is 28 dae. Sensitiewe markte (Duitse supermarkte Lidl) sal nie produkte aanvaar met enige spore van residue daarop nie.
- **Kroongal—Alle Steenvrugte.** Kroongal is ’n bakteriese siekte wat gal op die wortels van die boom veroorsaak en word op alle steenvrugte aangetref. Alle nuwe bome se wortels moet in RAS 84 gedoop word **voordat dit geplant word.** Een pakkie kan gebruik word om 50 bome te behandel. Agrobacterium radiobacter is ’n biologiese behandeling en **is slegs voorkomend en nie genesend nie.**

## TYDIGE WENKE BYDRAERS:

| Grond, Besproeiing, Voeding | Somersnoei | Gewasbeskerming |
|---|---|---|
| Mico Stander<br>Grondkundige<br>Agrimotion<br>021 851 1051 | Peter Dall<br>Tegniese konsultant<br>Peter Dall Consultancy<br>028 272 9671 | Andrew Hacking<br>Tegniese konsultant<br>Ad Lucem Agricultural Services<br>021 880 1905 |

**Hortgro Science en die span Tydige Wenke bydraers het alles in hul vermoë gedoen om inligting so akkuraat moontlik oor te dra. Derhalwe word geen aanspreeklikheid aanvaar vir die gebruik van hierdie inligting nie.**

HORTGRO Stone
Growing Fruit IQ
*home of the south african stone fruit producer*